*Saterdag* **8 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:1-5 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:5**
**Waar ontvang jy krag te midde van swaarkry?**

Ons sou verwag (dalk verkeerdelik) dat in die moeilike tye waarin ons lewe mense hulle krag en uitkoms in die Here sou soek. Maar gemeet aan waar die mense van ons samelewing staan, dan kom ons agter dat mense hulle krag en heil op ander plekke soek en nie by die Here nie. Hierdie is nie ’n nuwe leefstyl nie. Paulus waarsku Timoteus hieroor in ons voorgelese gedeelte.

Hier word in verse 2-4 genoem waarheen die mense in tye van swaarkry hulle toevlug neem. Daar is ’n lys van 18 wat hier genoem word. Telkemale kom ons agter as jy hierdie lys lees dat die uitkoms in die mens self gesoek word. Hulle maak gebruik van hulle eie krag en hulle eie planne, en uiteindelik leer vers 4 ons dat hulle meer lief is vir hulle eie genot as wat hulle lief is vir God. God speel nie meer ’n rol nie.

Dit is maklik om te redeneer dat ons nie daarby betrokke is nie. Maar vers 5 waarsku dat daar selfs mense in die kerk is wat hierdie selfde pad volg. Die kerk spring nie die tendens van ons tyd vry nie. Daarom is Paulus se oproep aan Timoteus: Keer jou van hierdie mense af. Dit beteken vermy hulle, moenie aan dieselfde gesindheid en praktyke deelneem as wat hulle doen nie. Jy moet jou krag en heil op ’n ander plek soek. Waar?

Paulus se raad en oproep aan Timoteus: Verse 14 en 15. Hou by wat jy geleer het in die Woord. Die Woord leer ons dat ons die dinge daarbo moet bedink (Kol. 3:2). Jesus Christus leer ons self in Matteus 6 dat ons ons oog op dit wat reg is, moet fokus.

Daarom is dit belangrik om te besef dat dit deur die krag van die Heilige Gees is dat ons gelei word in ons lewens om reg op te tree, op so ’n wyse dat die vrug van die Gees (Gal. 5:22) duidelik word in ons lewens. Ons dra sy vrug. Dan soek ons nie ons krag in onsself of in ons eie genot nie, maar soek ons ons krag in God en word ons gelei deur die werking van die Gees in hierdie lewe. So bly ons staande te midde van die swaarkry van hierdie lewe.

*Sing: Psalm 86-1:6*

*Ds. N (Neville) Boy (Thabazimbi)*